SALMO HUNSAASHENGELVERENIGING (Gestig 1978)

NUUSBRIEF: AUGUSTUS 2014

Hello daar al die lede. Na bykans 14 jaar van onkaktiewe deelname is dit vreemd om weer die pligte van sekretaris oor te neem en daarvoor my hartlike dank. Ek hoop om julle nie teleur te stel nie. Die eerste brief is die belangrikste om die jaar se hengelaktiwiteite bekend te maak sodat lede hulle kalenders kan aanpas.

Komitee

| | | | |
|---|---|---|---|
| Voorsitter: | Anton Vogt | anton@mcivils.co.za | 0834174461 |
| O-voorsitter: | Rennie Sada | estellesada@gmail.com | 0825474487 |
| Ere-sekretaris: | Hennie Bezuidenhout | henniebezuidenhout2@gmail.com | 0833456770 |
| Tesourier: | Analise (Lise) Vogt | anton@mcivils.co.za | 0834174461 |
| Rekordsbeampte: | Johan Nel | johan@klipeilandpebbles.co.za | 0832381390 |
| Ere-ouditeur: | Stephan Griesel | stephanj.griesel@gmail.com | |
| Verversings: | Morris van Staden | morris@mojeba.co.za | |
| Hulp sekretaris: | Kobus Weideman | kobuswei@mobileemail.vodafonesa.co.za | |

Inweegbeamptes: Sean Potgieter en Rino Sada

Veiligheidsbeampte: Johan Nel

Norgalas Verteenwoordigers: Johan Nel en Rudolph Venter

Geluk aan al die nuwe komiteelede en sterkte. Laat ons as gewone lede die mense bystaan en help waar ons kan. Namens die lede ‘n woord van dank aan al die uittredende komiteelede, party het onder geweldige druk nog steeds hulle portefeuljes behartig.

Die lede wat gekies is om Salmo amptelik op Norgalas ligas te verteenwoordig is:

Salmo A Rino Sada en Anton Vogt

Salmo B Takkie Branford en Gino Sada

Geluk en hoop dit gaan weer goed gaan die seisoen. Hierdie spanne sal in die amptelike liga kompeteer terwyl alle ander 2 man spanne aan die oop liga sal deelneem. Die komitee doen ‘n beroep op die lede om in al die ligas hulle klubdrag te dra, waar moontlik.

Geluk aan Anton Vogt en Emille van Druten wat as lede van die Protea span vanaf 27 September in Frankryk aan die Wereld kampioenskappe gaan deelneem.

Enkele sake voortspruitend uit die AJV wat ek dink belangrik is vir lede, veral die wat nie die vergadering kon bywoon nie:

1. Die ledegelde bly onveranderd op R600/senior; R400/familielid; R250/junior familie lid. Die res van die familielede betaal R50 en hulle kan klub en Norgalas records eis. Ek neem aan dit is lede wat nie vreeslik aktief gaan hengel nie. Die juniors wat onafhanklik aansluit se ledegeld is R350. **Die tesourier doen 'n ernstige beroep op al die lede om hulle fooie te betaal teen Woensdag 3 September omdat die ligafooie betaalbaar is voor die eerste liga op 6 September.** Die klub se finansies is gesond met ongeveer R27000 in die rekening.
2. Daar is die belangrike besluit op die AJV geneem dat die klublede weer in drie kompetisies sal hengel (afsonderlik van die ligas) wat volgende jaar gebruik sal word om liga spanne te kies,. Norgalas laat wel toe dat klubkompetisies saam met ligas gehou mag word maar die klub het besluit op afsonderlike dae. Ten einde die klubkompetisies te hanteer gaan daar 'n nuwe skaal aangekoop word vir gebruik deur Johan en sy assistente.
3. Daar is ook,'n Telkaart waarteen lede hulle klub aktiwiteite kan monitor en sodoende punte verdien wat ook in aanmerking sal kom by span verkiesing. Ek sal die Telkaart eersdaags uitstuur sodra dit 'n werkbare en goedgekeurde dokument is.
4. Die trofees wat so lanklaas grafeer is word nou op datum gebring en sal op die klub se jaarfunksie oorhandig word.
5. Ere lidmaatskap vir die nuwe seisoen aan Kobus Weideman, Anton Jansen en Estelle Sada.

Die bestel van nuwe klubdrag geniet aandag. Ek weet Bernard is hard aan die werk hiermee en sodra daar nuus is sal ons julle inlig sodat bestellings geplaas kan word.

Hengelprogram

6 September: Senior liga te Roodekopjes. Begin 06:30 en inweeg 16:00

13 September: Junior liga by Oppikoppi Bass Farm, Britz vanaf 08:00 tot 16:00. Lede word aangemoedig om te help met die aanbieding van die dag en ook hulp op ander gebiede aan te bied. Lede wat die dag kan help en eie toerusting saam neem sal baie welkom wees aangesien baie van die kinders nie toerusting het nie.

9 September: Norgalas vergadering by Rennie Sada om 19:00.

11 Oktober: Klubkompetisie 1 by Rust de Winter. Begin 07:00 en inweeg 16:00

12 Oktober: Klubvergadering om 12:00 by Rennie en Estelle.

Direk na die vergadering word trofees en rekord sertifikate (indien enige) aan lede oorhandig. Bring&braai daarna, klub sal die bykosse verskaf.

1 November: Klubkompetisie 2 (familienaweek) by Doorndraai dam Tye: 07 – 17:00.

Sondag: Sosiale hengel en uitruil van hengelkennis/ tegnieke.

Die datum vir die derde en laaste klubkompetisie is bepaal as 18 April, teken aan asb.

Ek het die epos lys by Bernard gekry. Indien jy nie meer lid is nie/ nie weer gaan aansluit nie/die adres gedupliseer is, laat my weet asb. Ek sal graag ook tel nommers wil kry vir kommunikasie.

Dankie en vriendelike groete, Hennie.